No 1317 8 Mei 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant **Predikant**: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za* **Administratiewe beampte:** Rina de Villiers: 081 599 2321, *pikkie.rina18@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za;
Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745

Erediens

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Die eerste erediens vind plaas om 09:00 en die tweede erediens om 10:30. Beide die eredienste sal gelei word deur Ds. Dirk Kotzee.

EERSTE DIENS:
LEES: Galasiërs 5: 13-26 en Filippense 4: 2-9
TEKS: Galasiërs 5: 22 en Filippense 4: 6 en 7
TEMA: Die vrug van die Gees: Vrede.

PREEKSKETS:

Daar was ’n gebrek aan vrede in Fillipi. Eerstens in die gemeente self: hulle beleef verdeeltheid onder hulle self en word deur dwaalleraars gepla. Tweedens was daar nie vrede onder die gemeente nie as gevolg van twee medewerkers in die koninkryk van God. Albei werk vir die koninkryk, maar kon mekaar nie verdra nie. Dit het ’n verdere tasbare skeiding in die gemeente veroorsaak.

Binne hierdie konteks kry ons dan hierdie gedeelte, waar die gemeente aangemoedig word om tot God te nader en dan kry hulle die belofte van vrede.

Om by vrede uit te kom, is ’n proses. ’n Proses wat net haalbaar is onder leiding van die Heilige Gees.

SING:
1. Psalm 84: 1
2. Psalm 147: 1 en 3
3. Psalm 119: 8 en 14
4. SB 10-1: 1 en 2
5. SB 18-6: 1, 4 en 5
6. SB 13-1

TWEEDE DIENS:
LEES: Spreuke 31: 10-31.
TEKS: Spreuke 31: 31.
TEMA: Die Godvresende vrou

PREEKSKETS:

Dit is vandag moedersdag. ’n Dag waarop ons moeders eer vir hulle bydrae tot hulle gesinne. Is dit iets wat ons as gelowiges kan/mag doen? Waar kom God se eer in? Juis in die vrou se afhanklikheid van die almagtige God. Daarom kan sy die werk verrig waartoe God haar geroep het en daarom eer ons as gelowiges vandag God vir die wonderlike vroue wat Hy in ons lewens geplaas het.

SING:
1. Psalm 145: 1 en 2
2. Psalm 145: 10 en 12
3. SB 10-2
4. SB 13-3

Kollekte:
Tydens erediens: Diakonale kas.
By die deure: Sustentasiefonds.
Volgende Sondag: Dopperdinge.

Diensbeurte:
Die kerkraadslede van Wyk F7 is vandag aan diens. Hulle is ouderling Br. Org Ehlers en diaken Br. Johan Potgieter.

Katkisasietoesig: Vind plaas by Graad 5.

Gemeentesake:

Ons is op Facebook!

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers 'n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto's deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as 89 "likes".

Gemeentelike aktiwiteite

Sustersake

Skinkbeurte:

Vandag ***8/05:*** Is dit die susters van wyke C1, C2, D2, F3, G4 en H6 om te help by die teeskinkbeurt.

Volgende Sondag: ***15/05:*** Sal geen teeskinkbeurt wees nie a.g.v. nagmaal.

Susters word vriendelik versoek om maar 'n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

Liefdadigheid:

REDDERSBURG KINDERHUIS. Baie dankie aan almal wat reeds skenkings gemaak het. Daar is nog twee weke tyd voordat die klere weggestuur word. Ons vra nog dringend vir 'n paar truie of baadjies sodat elk van die 65 kinders 'n warm kledingstuk kan ontvang vir die winter wat voorlê. Kontak vir *Sylvia Greyling by 082 7897 717*.

Koeksusters:

Sr. Alida Havenga laat weet dat daar weer op Dinsdag 10 Mei 2016 op die gebruiklike tyd koeksisters gebak gaan word.

Feeskommissie:

Nagmaal ete:

Daar is weer Sondag 15 Mei nagmaalete. Die feeskommissie bied die hele ete aan. Op die spyskaart is Botterskorsie sop vir voorgereg, Lasagne (Bees en Hoender) vir hoofgereg en Malva poeding vir nagereg.

Plaas asb. u naam op die bywoningslys in die voorportaal, of kontak Christiaan Swanepoel (073 769 0455) om te bevestig.

Katkisasie:

Katkisasie vind direk na die eerste erediens plaas.

Bybelstudie:

Aandbybelstudie die week (Woensdag **11/05**) om 18:00. Ons behandel Romeine 2:12-29.

Koffiekroeg:

Koffiekroeg vanaand 17:30. Elkeen kry 'n koppie om te verf, wat ons dan in die kroeg gaan hou. Bring jou kreatiwiteit en geniet die aand saam met ons.

Skenkings:

Indien daar enigiemand in die gemeente is, wat die koffiekroeg kan help met gemaklike banke, stoele of "beanbags" sal dit baie waardeer word. Netso ook indien iemand dalk in besit is van 'n groot boekrak wat die dominee in sy kantoor kan gebruik.

Kontak asb. vir Christiaan Swanepoel (073 769 0455) in verband met albei sake.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie. Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p./kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors, biltong, hoender-, bees-, herderspastei, lasagne, bobotie en malvapoeding te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

Mootkamp 2016

Mootkamp is 25 Junie tot 2 Julie 2016. Dit is ’n kamp vir hoërskoolkinders van oor die hele Pretoria. Die kamp se tema is Dors! Die aanbieders van die kamp is Ds. Nikolaas Pienaar, Ds. Chris de Beer en Ds. Dirk Kotzee, in samewerking met die studente van GK Brooklyn wat as groepleiers optree. Kom deel in die pret en verdiep jou verhouding met God! Enige navrae? Kontak gerus vir Ds. Dirk Kotzee (079 305 3297).

Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle ’n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe***.***

Sondag: 8 Mei

Estian Celliers (012 665 0361)

Maandag: 9 Mei

Francoise Amblianities (083 357 5833), Zoè Fouchè (083 417 7544), Venice Jansen van Nieuwenhuizen (082 492 3646) en Sonja Meyer (012 361 6223)

Dinsdag: 10 Mei

Lettie Koelman (073 588 7402)

Donderdag: 12 Mei

Stefan van Biljon (082 465 7871)

Vrydag: 13 Mei

Rion Basson (012 993 4421), Hannes Kruger (082 956 2777) en Emile Strydom (082 872 2610)

Saterdag: 14 Mei

Cornelis Blonk (012 807 0596) en Niels Grobler (082 691 7180)

Nuwe Intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) of die dominee by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry.

Gedagte vir die week:

As die laaste uur reeds aan jou behoort, waarom sal jy die volgende minuut vrees?

- Helmut Thielicke (1908 – 1986) -

Dagboek

Hierdie week: *Vandag **8/05:*** Erediens om 09:00. Kategse direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds Dirk lei albei die dienste. 17:30 Koffiekroeg. ***10/05:*** Diakonie vergadering om 19:00. ***11/05:*** Ouderling vergadering om 19:00. ***12/05:*** Aandbybelstudie vind plaas om 18:00 a.g.v. ouderlingvergadering op 11/05.

Week 2: *Sondag*. ***15/05:*** Nagmaal om 09:00. Geen Katkisasie. Tweede erediens Nabetragting om 10:30 Ds Dirk lei albei die dienste. 17:30 Koffiekroeg. ***18/05:*** Oggendbybelstudie vind plaas om 09:30.

Week 3:*Sondag **22/05**:* Erediens om 09:00. Kategse direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds Dirk lei albei die dienste. 17:30 Koffiekroeg. ***27/05:*** Klub 50 om 12:00 in die konsistorie (Sop, sjerrie en broodjies).

Week 4: *Sondag **29/05:*** Erediens om 09:00. Kategese direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds. Dirk lei albei die dienste. 17:30 Koffiekroeg.

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons u advertensies gratis. Reël asb. met die redaksie i.v.m. die tydperk van die plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Vakansieverblyf: Natalse Suidkus

Eenheid in SanLameer te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus. Skakel vir *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by: *marielouiseels@gmail.com*

Susan Swanepoel Musiekskool

Onderrig in klavier, teorie, harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang. Kontak *Susan* by 083 252 0983 of (012) 993 1074.

Vakansieverblyf: Wes-Kaap

Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae. Kontak *Nols of Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

Vars gebak en Spyseniering

Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, "platters" en spyseniering vir funksies, verjaarsdae, kinderpartytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur 'n e-pos aan: *cjswan4@gmail.com*.

Loodgieterswerk

Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk. Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Boomsloping en snoeiwerk

Jac Marais ('n lidmaat van die GK Kameeldrift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine. Skakel (012) 819 1316 of 082 412 7137.

Die Waslyn

Ons kom haal GORDYNE af en was, droog en stryk dit. Skakel: 078 296 4593.

Afloswerk beskikbaar:

Vir enige aflos admin werk op 'n daaglikse basis of net 'n ekstra hand vir 'n paar dae benodig. Skakel my gerus Rina de Villiers by 081 599 2321 of e-pos *pikkie.rina18@gmail.com*

Lekker tuisgebak:

Bevrore hoender-/bees-/herderspastei, bobotie, lasagne en Malvapoeding. Is nou tekoop tesame met die wildsvleis en pasteie.

Vir enigespysenierings behoeftes skakel ons gerus:

Rina de Villiers: 081 599 2321
Christiaan Swanepoel: 073 769 0455

Tuingereedskap:

As daar miskien lidmate is wat na aftree oorde verhuis en nie meer tuingereedskap nodig het nie, sal ons baie graag julle tuingereedskap wil hê vir gebruik in die pastorie se tuin.

Benodig:Ysterhark vir beddings en Hark vir blare ophark, Vurk, Graaf, Pik, Randsnyer. Baie dankie aan die lidmaat wat vir ons 'n grassnyer geskenk het. Dit word tans herstel en gediens en sal met groot vreugde (en vrug!) gebruik word. Kontak Estelle 072 785 3935 of 012 993 0033 tydens kantoorure

---

Boekhouding en administrasie
Ek kan deeltyds help met boekhouding en administrasie werk. Kontak Carlene by 0723458O67 of stuur epos na carlene.bookkeeping@gmail.com

---

Strangers in the night

Die Hervormde Kerk Noordelike Pretoria bied 'n program van Frank Sinatra musiek aan. Die kunstenaars is Jean-Pierre Venter (sang), Mart-Marie Snyman (klavier) en Willem van der Hoven (kontrabas).

Datum: 20 Mei 2016
Tyd: 19:00
Plek: Hervormde Kerk, Noordelike Pretoria, 12de Laan 512, Gezina.
Koste: R100 per person.
Besprekings: Computicket